

# Donkerder skakerings van blou

*Darker shades of blue*

JEAN STEYN

Departement Veiligheid en Sekuriteitsbestuur

Tshwane Universiteit vir Tegnologie

SteynJ@tut.ac.za



Jéan Steyn

**JÉAN STEYN** is tans werksaam by die Tshwane Universiteit vir Tegnologie (TUT) se Departement Veiligheid en Sekuriteitsbestuur as Durban Dienspuntbestuurder (vanaf 2001), na twaalf jaar as funksionele lid en bevelvoerder in die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). Hy besit 'n Doktorsgraad in Polisieering sowel as 'n Meestersgraad in Sielkunde. Onder andere is hy Raadslid van die Kriminologie en Viktimologie Vereniging van Suid-Afrika (CRIMSA), Sub-Redakteur van die Suider Afrikaanse Joernaal vir Kriminologie (*Acta Criminologica*), en lid van die Navorsingsraad vir Menslike Wetenskappe (NRF) se Reg en Politiek assesseringspaneel. Hy het al talle artikels in geakkrediteerde joernale nasionaal en internasionaal gepubliseer sowel as aanbiedings gedoen (en bestuur) by konferensies en simposiums plaaslik en oorsee. Jéan se primêre navorsing belangstellingsveld is polisie organisasie-ontwikkeling.

**JÉAN STEYN** is currently employed by the Tshwane University of Technology (TUT), Department of Safety and Security Management, as the Department's Durban Service Point Manager (since 2001), after twelve years as a functional member and commander in the South African Police Service (SAPS). He holds a Doctorate in Policing and Master's in Psychology. He is also a Council member of the Criminology and Victimology Society of South Africa (CRIMSA), Sub-Editor of the Southern African Journal of Criminology (*Acta Criminologica*), and member of the National Research Foundation (NRF) Law and Politics Funding Applications Assessment Panel. He has published numerous articles in accredited national and international journals, presented (and chaired) various papers at conferences and symposiums locally and abroad. His primary research field interest is police organisational development.

## ABSTRACT

### *Darker shades of blue*

*The South African elections of April 1994 ushered in a democracy and redefined the political and social context within which policing in South Africa would take place in the future. The South African Police Service (SAPS) was established on the 27<sup>th</sup> of January 1995 in terms of section 214 of the Interim Constitution of the Republic of South Africa, 1993. The Constitution of the Republic of South Africa, Act No. 108 of 1996, subsequently made provision under section 205 for the establishment of a National Police Service that is transparent, accountable, representative, legitimate and impartial. The Constitution further implicitly prescribes in section 222 community policing as the style of policing to be adopted by the SAPS as a vehicle to improve police-community relations and, in general, enhance service delivery to all of its citizens.*

*For change in the policing style to be effective and long lasting the ideology must be supported by the life and worldview within the police culture. This includes changing the basic assumptions*

of individual police officers with regard to the organisation and its environment. To this effect, the Minister of Safety and Security, at the time Mr Sidney Mufimady, stated that:

*The philosophy of community policing must inform and pervade the entire organisation. Changing the police culture is perhaps one of the most significant challenges facing the new government (South Africa, 1994).*

*In partial achievement of this transformation the SAPS implemented a national policy of ensuring gender equity in the make-up of the Service in order to become more representative of the larger society. Such a policy is likely to have a direct impact on the maintenance of the traditional culture of the South African police as manifested in the previous South African Police (SAP). Alpert, Dunham and Stroshine (2006) have argued that an increase in diversity, to include women, may result in fragmenting, if not destroying the concept of a singular police culture. Specifically it is argued that employment of females may undermine some of the more “masculine qualities of police culture and instead engender a “softer, kinder” form of policing” (Miller, 1999). Paoline, Myers and Worden (2000) have also argued that the inclusion of women in police organisations may effect the negation of many of the characteristics of the police subculture that have emphasized the distrust of and isolation from the public. By contrast, Brogden and Shearing (1993) have suggested that policing style is unlikely to change as a result of changes in recruitment policy. Martin (1980), Sutton (1992), Heidensohn (1992) and Young (1991) also note that women recruited into male-dominated police organisations adapt either by embracing the male police culture, and thus becoming ‘defeminised’ into police-women; or by taking on a more traditional, service-oriented role, and thus becoming ‘de-professionalised’ into police-women.*

*This article reports on a preliminary investigation into the presence/absence of deviant police culture themes (solidarity, isolation and cynicism) that go against the grain of principles of community oriented policing – among South African Police Service recruits entering basic police training in January of 2005 and changes that may have occurred in these attitudes over the period of the six-month basic training and the subsequent six-month field training experience.*

*The research found significant evidence that the SAPS is recruiting newcomers that have attitudes that conform to a police culture of solidarity, isolation and cynicism. The study further found that the SAPS basic training (generally) only serves to either maintain or strengthen newcomers’ attitudes in support of a police culture of solidarity, isolation and cynicism.*

**KEY WORDS:** Police culture, solidarity, isolation, cynicism, theme, South African Police Service, basic training, new recruits

**TREFWOORDE:** Polisiekultuur, tema, solidariteit, isolasie, sinisme, Suid-Afrikaanse Polisiediens, nuwelinge, basiese opleiding

### **OPSOMMING**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, vereis ’n fundamentele herassessering en transformasie van die wese en styl van polisiëring in Suid-Afrika. Dit moet vloei vanuit ’n stelsel waar die menseregte van die meerderheid Suid-Afrikaners tydens die apartheidsjare misken is, tot ’n stelsel wat die vertroue en respek van almal inboesem. Hierdie verandering vereis dat die fundamentele aannames van individuele polisiebeamptes ten opsigte van die organisasie en die omgewing waarin polisiëring funksioneer, sal transformeer. Op hierdie stadium, meer as elf jaar nadat die Suid-Afrikaanse demokrasie tot stand gebring is, is die sentrale vraag in polisiëring of die houdings van nuwelinge in die stelsel wel gemeenskapspolisiëring as die aanvaarde styl van polisiëring ondersteun. Hierdie artikel is ’n poging om die bogenoemde vraag aan te spreek deur vergelykings te tref tussen die houdings van

'n veteenwoordigende steekproef van dieselfde SAPD-nuwelinge in drie fases: toe hulle aangemeld het vir basiese opleiding (Januarie 2005), toe hulle die opleiding voltooi het (Junie 2005), en toe hulle as gegradueerde nuwelinge die polisie diens betree het om die inwoners van Suid-Afrika te dien (Desember 2005). Die studie het bevind dat die meerderheid respondente wat by die SAPD kolleges aangemeld het vir opleiding, reeds matige houdings ter ondersteuning van die polisie kultuur temas solidariteit, isolasie en sinisme gehad het. Die studie het verder ook bevind dat die SAPD basiese opleiding (kollege en veldopleiding) nuwelinge se houdings aangaande die polisie kultuur temas solidariteit, isolasie en sinisme versterk het.

## INLEIDING

Die algemene verkiesing in Suid-Afrika in April 1994 het nie net 'n demokratiese regeringstelsel ingelei nie, maar het ook nuwe definisie gegee aan die politieke en sosiale konteks waarbinne polisiëring in die toekoms in Suid-Afrika sou geskied. Die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) is op 27 Januarie 1995 tot stand gebring ingevolge artikel 214 van die Tussentydse Grondwet (SA, 1993). Artikel 205 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (SA, 1996) maak gevolglik voorsiening vir die daarstelling van 'n nasionale polisie diens wat deursigtig, verantwoordbaar, verteenwoordigend, wettig en onpartydig is. Verder skryf die Grondwet gemeenskapspolisiëring voor as die polisiëringstyl wat deur die SAPD toegepas moet word. Dit moet dien as die kanaal waardeur polisie-gemeenskapsverhoudings, asook algemene dienslewering deur die polisie, verbeter moet word.

Hierdie vereistes van die Grondwet verteenwoordig 'n fundamentele herassessering en transformasie van die wese en styl van polisiëring in Suid-Afrika: Dit moet verander van 'n stelsel waar die menseregte van die meerderheid Suid-Afrikaners tydens die apartheidjare misken is, na 'n stelsel wat die vertroue en respek van almal inboesem. Hierdie verandering vereis dat die fundamentele aannames van individuele polisiebeamptes ten opsigte van die organisasie en omgewing waarbinne polisiëring plaasvind, moet transformeer.

Op hierdie stadium, meer as elf jaar nadat die Suid-Afrikaanse demokrasie tot stand gebring is, is die sentrale vraag met betrekking tot polisiëring of die houding van nuwelinge in die stelsel gemeenskapspolisiëring as die aanvaarde styl van polisiëring ondersteun.

Daar word aangevoer dat indien "afwykende" polisie kultuur temas (die temas van solidariteit, isolasie en sinisme) wat deur polisienavorsers oor die wêreld heen beskryf word (Manning, 1989, 1977; Reuss-Ianni, 1983; Shearing & Ericson, 1991; McNulty, 1994; Bayley & Bittner, 1984; Skolnick, 1994; Van Maanen, 1978; Niederhoffer, 1967) binne die beroeps- en organisatoriese kultuur van die SAPD teenwoordig is – soos inderdaad vasgestel is by 'n verteenwoordigende steekproef van nuwe rekrute – dit sal indruis teen die ideologie van gemeenskapspolisiëring by die SAPD en uiteindelik ook die effektiewe implementering daarvan benadeel.

Hierdie artikel is 'n poging om bogenoemde vrae te beantwoord deur vergelykings te tref tussen die houdings van 'n verteenwoordigende steekproef van SAPD-nuwelinge in drie verskillende fases: toe hulle aangemeld het vir basiese opleiding (Januarie 2005), toe hulle die opleiding voltooi het (Junie 2005), en toe hulle as gegradueerde nuwelinge die polisie diens betree het om die inwoners van Suid-Afrika te dien (Desember 2005).

## GEMEENSKAPSPOLISIËRING AS AANVAARDE STYL VAN POLISIËRING

Gemeenskapspolisiëring as 'n nuwe styl van polisiëring het in die laat sewentigerjare ontstaan as gevolg van 'n bewustheid van die tekortkominge van tradisionele polisiëringstyle (Morgan & Newburn, 1997:59; Hale, 1994:148).

Dit is 'n konsep wat gebaseer is op die strewende na 'n meer persoonlike polisie diens waar gelykheid 'n prioriteit is, in teenstelling met burokratiese en professionele polisieeringspraktyke (Manning, 1997:205-227).

Definisies van die konsep “gemeenskapspolisiëring” is baie ongestruktureerd en vaag. Pelsner (1999) maak die stelling dat hierdie vaagheid dalk toegeskryf kan word aan die feit dat dit moeilik is om die begrip “gemeenskap” te definieer, en Manning (1997) is van mening dat onuitgesproke aannames ten opsigte van die doel en doelwitte van gemeenskapspolisiëring ook tot vae definisies bydra.

Cox en Wade (1998:104-105) verskaf egter 'n redelik sinvolle definisie:

Community policing refers to a philosophy of policing that emphasises a cooperative approach between the police and other citizens focusing on solving community problems and improving the quality of life in the community.

Vir Manning (1997) kan gemeenskapspolisiëring op minstens vier maniere geïnterpreteer word na aanleiding van die onuitgesproke aannames ten opsigte van die doel en doelwitte daarvan soos dit in huidige politieke idees veranker is.

Op een vlak is dit 'n ideologiese stelsel van oortuigings met die uitgangspunt dat gemeenskappe vroeër jare meer unitêr was, dat die polisie 'n meer aanneemlike en aanvaarde deel van gemeenskappe was, dat misdaad en wanorde eens beter beheer is deur gesamentlike inspanning, en dat sosiale beheer oor die algemeen strenger en meer koherent en omvattend was.

'n Tweede interpretasie van gemeenskapspolisiëring het te doen met gemeenskapsprogramme. Alderson (1983) dui daarop dat die polisie gemeenskapsprogramme sowel as polisieëringstrategieë ontwerp het en dat hulle 'n nuwe vorm van politieke mag geword het. Hierdie interpretasie van die konsep “gemeenskapspolisiëring” behels programme met breë politieke doelwitte wat daarop gerig is om die polisie se band met die gemeenskap te herstel (Weatheritt, 1983), om die gemeenskap se vrees te besweer en om hulle gerus te stel deur polisie teenwoordigheid en toeganklikheid. Hierdie programme versterk na bewering die polisie en die gemeenskap se gesamentlike verantwoordelikheid vir veiligheid en sekuriteit (Kelling & Moore, 1988; Trojanowich, 1982). Dit behels proaktiewe aktiwiteite wat ten doel het om die konsep van “gemeenskaplike voordeel” (*common good*) te bevorder (Alderson, 1983) deur polisie lede se betrokkenheid in die gemeenskap op verskeie vlakke en deur diverse programme.

Volgens Manning (1997) is gemeenskapspolisiëring derdens ook pragmaties van aard. Met “pragmaties” word bedoel dat dit basies 'n alternatiewe metode is vir tradisionele polisieëring, wat – in teenstelling met huidige polisieëringpraktyke – nie die gemeenskap se behoeftes voldoende aangespreek het nie. Weatheritt (1983) het ná 'n kritiese ondersoek na navorsing oor gemeenskapspolisiëring in Engeland die gevolgtrekking gemaak dat gemeenskapspolisiëring soos dit in die Britse polisieëringpraktyk waargeneem word, nie daarop gerig is om vinnig en op eenvormige wyse op alle tipes burgerlike vereistes te reageer nie, dat dit nie voornemens is om alle verantwoordelikheid vir misdaadbeheer te aanvaar nie, en dat dit nie eksklusiewe beheer oor die definisie(s) van misdaad najaag nie. Die nuwe pragmatiese polisie weerhou hulle van eenrigting-, van-bo-na-onder-kommunikasie met lede van die gemeenskap oor die aard van die misdaadprobleme in daardie gemeenskap. Programme is reaksies op waargenome burgerlike ontevredenheid met burokratiese, onpersoonlike, “professionele” en gesentraliseerde polisieorganisasies wat op misdaad en spesifieke insidente gefokus is.

'n Vierde interpretasie van gemeenskapspolisiëring behels 'n stel programmatiese elemente en organisatoriese strukture. Sherman, Milton en Kelly (1973) het voorbeelde van elemente van gemeenskapspolisiëring geïdentifiseer in een van die eerste pogings om laasgenoemde te evalueer.

Hierdie elemente hou verband met spanwerk in 'n gegewe area, deelname aan en kommunikasie met gemeenskapsgroepe, en pogings om organisatoriese en bestuursondersteuning aan die spanne te verskaf.

Manning (1997) maak verder die stelling dat grootskaalse veranderinge ten opsigte van die polisie en polisiëring nodig is vir gemeenskapspolisiëring om suksesvol te wees. Dit sluit in strukturele en regsveranderinge, sowel as veranderinge ten opsigte van gewoontes, organisatoriese struktuur, prestasie-evaluering, beloningstrukture binne die polisie en, van besondere belang vir hierdie studie, die organisatoriese kultuur.

Wat Suid-Afrika betref is die eerste saadjies van die konsep “gemeenskapspolisiëring” met die Nasionale Vredesverdrag van 14 September 1991 geplant. Die Verdrag verwys na 'n bestaande behoefte om 'n “koöperatiewe verhouding” tussen die polisie en die Suid-Afrikaanse gemeenskap tot stand te bring (Hough & Du Plessis, 1994:59). In hoofstuk 3 van die dokument word dit gestel dat die polisie verantwoordig moet doen aan die gemeenskap, en dat hulle dus moet poog om die samewerking van die gemeenskap as 'n essensiële vennoot in misdaadvoorkoming te bekom (Hough & Du Plessis, 1994:66-67).

Artikel 221 van die Tussentydse Grondwet van 1993 gee gestalte aan hierdie idee deur die instelling van Gemeenskap-polisieforums (GPF) by alle polisie-stasies. Volgens Johan Burger (2005:207), 'n voormalige assistent-kommissaris van die SAPD, kan die redes en motiewe vir die instelling van gemeenskapspolisiëring in drie kategorieë saamgevat word, naamlik:

- Gemeenskapspolisiëring as 'n nuwe besigheidstrategie van die polisie;
- Gemeenskapspolisiëring as 'n instrument vir verandering; en
- Gemeenskapspolisiëring as 'n metode vir proaktiewe polisiëring.

Burger (2005:203) betreur dit egter dat die Tussentydse Grondwet nie voorsiening gemaak het vir sekere noodsaaklike elemente van gemeenskapspolisiëring nie, en beweer dat hierdie versuim 'n groot konseptuele gaping gelaat het wat deur amptenare in die praktyk, asook akademië, gevul moet word.

Met die promulgering van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, afdelings 18-23 (SA, 1995), is gestalte gegee aan artikel 221 van die Tussentydse Grondwet deur die instelling van Gemeenskap-polisieforums (GPF) en Gemeenskap-polisierade (GPR). Burger kritiseer egter hierdie wet, omdat dit nie voorsiening maak vir die opdrag aan die provinsiale kommissaris van die SAPD om verantwoordelikheid vir “gemeenskap-polisiedienste” te aanvaar nie.

Volgens hom het dit daartoe gelei dat relatief min aandag aan die ontwikkeling van die filosofie van gemeenskapspolisiëring binne die organisasie geskenk is. Hy beweer ook dat die konsep van gemeenskapspolisiëring in die opleidingsprogram vir polisie-lede ingesluit is bloot omdat dit deur die Grondwet voorgeskryf word (Burger 2005:205).

Binne die konteks van die SAPD word gemeenskapspolisiëring gesien as 'n filosofie wat rigtinggewend is ten opsigte van bestuurstyle en operasionele strategieë binne die organisasie. Verder beklemtoon hierdie filosofie die vestiging van verhoudings tussen die polisie en die gemeenskap, asook die noodsaaklikheid vir vindingryke probleemoplossingsmetodes wat sensitief is vir die behoeftes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit is gebaseer op die aanname dat die doelwitte van die SAPD, naamlik die voorkoming, bestryding en ondersoek van misdaad, die handhawing van openbare orde, die verskaffing van beskerming en veiligheid aan die inwoners van die Republiek en hulle besittings, en die handhawing en toepassing van die reg, slegs bereik kan word indien daar samewerking is tussen die SAPD, ander regeringsinstansies, die organisasies en strukture in die burgerlike samelewing, en individuele burgers van die land (SA Departement van Veiligheid en Sekuriteit, 1997a:1).

## WERWING VAN NUWELINGE IN DIE SAPD

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika het vanaf 1994 tot 1997 'n moratorium op die werwing van polisielede geplaas. Die hoofrede vir hierdie stap was die besluit dat 'n nuwe menslikehulpbronplan, wat 'n nuwe beleid en strategie vir werwing, opleiding en bevordering moes insluit, vir die SAPD ontwikkel en ingestel moes word. Die samewerking van die Sweedse polisie is verkry vir die ontwikkeling van 'n nuwe werwingsbeleid, asook vir die ontwerp van 'n nuwe kurrikulum vir die basiese opleiding van rekrute (SA Departement van Veiligheid en Sekuriteit, 1996a & 1997a).

In Mei 1997 is die moratorium op die werwing van polisielede opgehef. Daar is aangekondig dat 'n addisionele mag van 5 250 polisielede en burgerlike werknemers in die SAPD opgeneem sou word in ooreenstemming met die nuwe benadering tot werwing. In Junie 1998 is aangekondig dat die SAPD oor die volgende vyf jaar nuwe rekrute sou inneem.

'n Totaal van 1 200 rekrute is gevolglik deur middel van 'n oorrolproses van 300 rekrute per inname in die SAPD opgeneem. In 2002 het die Parlement 'n toename in personeelvoorsiening oor 'n tydperk van vyf jaar goedgekeur, met 'n voorlopige vermeerdering van 119 726 tot 156 760 werknemers in hierdie tydperk. Jaarlikse teikens is gestel om teen 2007 die getal polisiebeamptes tot 25 400 en die openbaredienswerknemers tot 12 360 te vermeerder, teen 'n addisionele opleidingskoste van R439 miljoen (SA Departement van Veiligheid en Sekuriteit, 1998a, 1999, 2000 & 2004).

Psigometriese toetse (spesifiek persoonlikheidsmeetinstrumente) wat deur die SAPD gebruik word om die mees geskikte rekrute te werf, is gebaseer op die vaardigheids-, bekwaamheids- en kennisprofiel van voormalige rekrute wat hulle basiese opleidingsprogram in die SAPD suksesvol voltooi het. Aansoekers wat kan aandui dat hulle persoonlikheids- en karaktereienskappe ooreenstem met dié van polisiebeamptes wat reeds in die stelsel werksaam is, staan gevolglik 'n beter kans om as werknemers in die SAPD aangestel te word. Hierdie feit is ironies, omdat kontemporêre navorsing daarop wys dat polisiebeamptes se houdings en opinies met betrekking tot breë beleid en etiese waardes reeds in plek is wanneer hulle diens in die SAPD aanvaar, en dat hierdie houdings tydens hulle dienstrydperk min verander (Zhao He & Lovrich, 1998; Caldero, 1997; Caldero & Crank, 2000). Die werwingsproses is egter juis ontwerp om te verseker dat die teenoorgestelde plaasvind, naamlik dat rekrute die etos en filosofie van hulle gekose beroep aanneem, sodat hulle uiteindelik geskik sal wees vir diens in die polisie (Crank, 2004:26).

'n Sentrale realiteit wat voorop staan wanneer die keuring van rekrute vir die SAPD bespreek word, is die element van 'n polisiekuiluur.

## POLISIEKULTUUR

Kultuur is 'n buitengewoon breë konsep (Crank, 2004:1) en baie is reeds in die tradisionele en kontemporêre literatuur oor hierdie onderwerp gesê en geskryf. Volgens Hall en Neitz (1993) het die studie van kultuur in etnografiese beskrywings van "primitiewe" of nie-Westerse gemeenskappe ontstaan. Die breë konsep van kultuur het ontstaan binne die gedagte dat daar gebonde, geïsoleerde en stabiele sosiale entiteite (kulture) bestaan, en dat hierdie kulture die maatstawwe vir die lewenswyse van 'n groep mense bepaal (Redfield, 1939). In wese is die studie van kultuur die studie van wat dit beteken om mens te wees.

Die organisatoriese kultuur van die SAPD is in wese 'n subkultuur, want elke lid bring besondere eienskappe en hoedanighede vanuit sy of haar eie kultuur na die organisasie. In die algemeen word "polisiekuiluur" beskryf as "... die beroepsoortuigings en waardes wat deur lede [polisiebeamptes] dwarsoor die land gedeel word" (Roberg, Crank & Kuykendall, 2000:265). Aan die ander kant is "polisiesubkultuur" "...die waardes wat deur die breë gemeenskap [in die polisiediens] ingevoer is [en] waarvolgens polisielede leef" (Roberg, Crank & Kuykendall, 2000:265).

Hierdie onderskeid tussen kultuur en subkultuur vorm 'n praktiese uitgangspunt van waar professionele persone met 'n hervormingsperspektief kan werk, omdat dit fokus op die waardes wat polisiebeamptes vanuit die breë gemeenskap aanneem (polisiëring as 'n subkultuur), asook op die wyse waarop hulle as lede sosialiseer binne 'n bestaande denkwyse oor die polisie se werk (dus kultuur). As probleme kultureel van aard is, kan dit aangespreek word deur die organisasie of die formele en informele sosialiseringsprosesse te verander. As probleme subkultureel van aard is, kan dit aangespreek word deur die werwingspraktyke te verander.

Verskeie navorsers het reeds daarop gewys dat polisiebeamptes in die diens 'n kultuur deel wat verband hou met gemeenskaplike temas (Manning, 1989; Reuss-Ianni, 1983; Shearing & Ericson, 1991; McNulty, 1994; Bayley & Bittner, 1989). Daar is reeds so dikwels na sulke gemeenskaplike kultuurtemas, byvoorbeeld onvoorspelbaarheid (Skolnick, 1994), "assholes" (Van Maanen, 1978) en die liberale regstelsel (Niederhoffer, 1967), verwys dat dit as alomteenwoordig in die literatuur oor polisiëring aanvaar word.

Polisiekultuur kan beskryf word as 'n samevloeiing (*confluence*) van temas binne die beroepsaktiwiteite van die polisie. Die woord "samevloeiing" word metafories beskryf as die uitmonding van strome en riviere in 'n gemeenskaplike poel water. By hierdie uitmonding is die bydraes van individuele strome en riviere nie meer sigbaar nie – 'n versmelting van die individuele strome vind plaas. Polisiekultuur kan op dieselfde wyse beskryf word. Diverse aspekte van organisatoriese aktiwiteite smelt saam tot 'n geheel, en raak gebonde deur gemeenskaplike waardes en gelyksoortige denkpatrone (Crank, 2004).

Die term "tema" kan gedefinieer word as herhalende gedragspatrone en waardes (Crank, 2004:60). Die begrip "kultuurtema" verteenwoordig die samevoeging van kulturele elemente op maniere wat, soos Manning (1989) beskryf, areas van gedeelde beroepsaktiwiteite toelig. Volgens Crank (2004:53) is temas geneig om 'n verskeidenheid kulturele elemente te vermeng. Eerstens is temas gedragsgebonde, omdat dit verband hou met die "doen" van polisiewerk, wat betekenis vind in geroutineerde, alledaagse polisieaktiwiteite. Tweedens vergestalt temas die manier van dink oor daardie aktiwiteite, dit wil sê die sentiment wat met die aktiwiteite verband hou.

Kappeler, Sluder en Alpert (1994:108) gebruik die term "dinamiese bekragtiging" (*dynamic affirmation*) om die verband tussen gedrag en sentiment te beskryf. Hulle beweer dat polisiebeamptes nie elke aspek van hulle werk benader asof hulle dit nog nooit gedoen het nie, maar dat daar tradisies en maniere van dink is wat verband hou met hulle vele aktiwiteite – dus die wyse waarop hulle dinge "doen". Verder is temas nie gebonde aan reëls nie. Dit is voorafbepalend, omdat spesifieke gebruike en vanselfsprekende aannames toepassing vind in denke aangaande 'n besondere roetine (Shearing & Ericson, 1991). Derdens impliseer temas sosiale en organisatoriese strukture.

Sommige teoretici stel polisiekultuur metafories as 'n ui voor. Dit het 'n hart, maar hierdie hart word deur verskeie beskermende lae teen die buitewêreld gepantser. Hierdie beskermingslae is vir baie bitter, en geliefd deur min. Crank en Caldero (2000:155) beskryf hierdie hart as volg:

Die hart gee lewe aan elke polisiebeampte en betekenis aan polisiewerk. Die hart is hoe polisiebeamptes voel en dink oor hulle werk, hoe hulle hul suksesse vier en oor hulle neerlae treur. Dit is hoe hulle hul werk doen en hoe hulle betekenis daaraan gee. Dit is veral hoe hulle hul toewyding aan hulle eerbare taak beleef, en hoe daardie toewyding lewe gee aan opleiding, daaglikse polisiepraktyke en aan gesprekke met ander polisiebeamptes.

Die hart van polisiebeamptes se waardes, in die besonder hulle toewyding aan hulle eerbare taak en die wete dat hulle 'n bydrae tot die samelewing kan lewer, word vanuit die breër gemeenskap na die polisie oorgedra. Die hart is nie 'n besitting wat in die polisiekultuur ontstaan nie. Dit word van buite af ingevoer, en ontwikkel as 'n produk van die polisieomgewing. Polisiebeamptes is toegewyd aan hulle werk wanneer hulle tot die diens toetree; hierdie toewyding is in gesinsverband aangeleer en spruit uit

hulle persoonlike en sosiale agtergronde. Polisiewerk temper hierdie voorbesiktheid (*predispositions*) en voorsien die beamptes van substantiewe betekenis wat op alledaagse omstandighede gegrond is, asook van gedeelde en akkumulatiewe geskiedenis gebaseer op diens (dus ervaring) in die polisie.

Die lae om die ui se hart is die ontwikkelende kultuurbesittings wat vanuit 'n breër sosiale kultuur ontstaan. Hierdie “kultuurgoedere” ontstaan vanuit die daaglikse ervarings van polisiewerk en die maniere waarop hierdie ervarings deur polisiebeamptes gedeel word. Die feit dat hierdie kultuur na vore kom, beteken nie dat dit uniek is aan enige polisieagent of departement nie. Die polisie is geneig om binne ooreenstemmende institusionele omgewings te funksioneer, waar hulle dieselfde funksionele probleme ervaar (Crank, 2004:60). Dit beteken dat hulle oral met die howe, die reg, verdagtes en die publiek moet omgaan. Gevolglik is verbindbaarheid (*compatibility*) oor alle polisieaktiwiteite heen sigbaar, en polisie-kultuur kan dus in terme van temas beskryf word.

Christensen en Crank (2001) noem egter dat die polisie diens net tot op 'n punt homogeen is. Die feit dat 'n polisie-kultuur uit lae bestaan wat internasionaal erken word, dui op 'n geïsoleerdheid en groefgebondenheid van die hart binne die beskermende lae. Hierdie lae het die vorming van 'n groepsidentiteit (wat op sy beurt groepskonflik impliseer) ten doel, asook beskerming en koestering (Crank, 2004:60). Elke laag dien dus 'n spesifieke doel.

Die laag naaste aan die hart, wat ook die hartklop reguleer, is die straatomgewing waarin die polisie funksioneer. Dit is waar uniformpersoneel en speurders hulle daaglikse take verrig, en dit verwys ook na die verskillende mense met wie polisiebeamptes in aanraking kom. Die geografiese gebied van 'n poliestasie kry dus 'n diepsinnige, morele betekenis. Al die probleme in hierdie gebied is ook die polisiebeamptes se probleme. Hulle reputasie en sin vir selfwaarde hang af van hoe goed hulle hierdie gebied beheer en dien.

Die tweede laag om die ui se hart is onsekerheid. Manning (1989:47) gee erkenning aan die sentrale rol wat onsekerheid in die polisie-kultuur speel:

Die psigologiese gevoel van onsekerheid is nou verweef met die eksterne wêreld van onordelikhed en risiko. 'n Polisiebeampte se eksterne fokus op orde beskerm hom of haar teen die onvoorspelbare.

Crank (1998) identifiseer vyf verskillende aspekte van onsekerheid, wat hy “temas van die onbekende” noem. Suspisie is die vermoë om gevaar te midde van die onbekende te identifiseer. Polisiebeamptes het nie net met suspisie ten opsigte van die reg te doen nie, maar ontwikkel ook 'n spesiale vaardigheid, of sesde sintuig, met betrekking tot gevaar. Dit is die vermoë om misdadig deur middel van die onbenuiligste leidrade te identifiseer. Dit is gebaseer op intuïsie en nie op feite nie, en met skerpsinnigheid sal dit konkrete bewyse oplewer. Laasgenoemde is 'n spesiale vernuf wat polisiebeamptes ontwikkel, en diegene wat 'n saak kan oplos deur leidrade te gebruik wat aanvanklik onskuldig lyk, geniet groot aansien en status in hierdie organisasie. Polisiebeamptes word nie net met werklike gevare gekonfronteer nie, maar funksioneer ook in 'n omgewing waar gevaar onvoorspelbaar is. Terwyl dreigende gevaar gestalte gee aan dit waaroor polisiewerk gaan, verenig werklike gevaar polisielede soos niks anders kan nie.

Die derde laag om die ui se hart is die kragtige sin vir solidariteit wat polisiebeamptes beleef. Hierdie gevoel van saamhorigheid, wat Crank (2004:61) as “die masker van 'n duisend gesigte” beskryf, word dikwels toegeskryf aan kameraderie, of 'n gevoel van eenheid in die aangesig van gevaar. Persepsies van werklike of potensiele gevaar is 'n gemeenskaplike faktor wat polisiebeamptes bind. Hierdie gevoel van solidariteit word bevestig deur baie polisielede se persepsie dat hulle geïsoleer is van en in konflik is met elemente in die samelewing. Solidariteit is dus 'n produk van konflik met eksterne groepe (Coser, 1956). As erkenning gegee word aan die feit dat kulturele identiteit dikwels



'n gevolg is van konflik met “ander” groepe, word hierdie laag van die ui gesien as die produk van die manier waarop polisiebeamptes “ander” groepe met agterdog en vyandigheid bejeën. Dikwels is konflik fisies en behels dit die gebruik van brute krag, byvoorbeeld wanneer die polisie verdagtes wat hulle teensit, arresteer. As gevolg hiervan is die veiligheid van die polisie 'n sentrale tema in polisieopleiding, en polisiebeamptes word voortdurend gemaan dat agteloosheid ernstige gevolge kan inhou. In hierdie laag van kultuuridentiteit is dit duidelik dat konflik groepsidentiteit kan aanwakker. Hierdie laag word beskryf deur die losskakelende temas van solidariteit, isolasie en sinisme, wat almal elemente vorm van die “laag” wat polisiebeamptes gebruik om hulle teen eksterne aanslae te beskerm.

Temas wat polisiebeamptes beleef, skep die raamwerk waarbinne hulle die polisie se primêre taak van misdaadbestryding kan uitvoer, terwyl die handhawing van vrede tussen die verskeie groepe binne die institusionele omgewing as die administrateurs se taak gesien word. Hierdie temas word veral sigbaar wanneer polisiebeamptes voel dat 'n spesifieke groep in hulle dagtaak inmeng. Een so 'n groep is die regstelsel. Crank (2004:62) merk op dat polisielede oor die algemeen voel dat die regstelsel misdaad en misdadigers te sagkens hanteer, en sommige polisiebeamptes ontwikkel hulle eie vorm van “straatreg”, waarvolgens hulle vaardighede ontwikkel om oortreders te straf en die houe te vermy. Polisiebeamptes ontwikkel ook strategieë om rompslomp te vermy.

Die belangrikste groep waarteen polisiebeamptes hulleself beskerm, is hulle eie politieke hoofde en bevelvoerders. Daar is 'n sterk gevoel van wantroue aan die kant van polisiebeamptes teenoor hulle bestuurders (Crank & Caldero, 1991).

Uit die ui se hart spruit breë kultuurelemente wat nie net polisiëring beïnvloed nie, maar dit ook moontlik maak. Die hart is gelykstaande aan die beginsel dat die polisie institusionele kultuurelemente aan die gemeenskap oordra – 'n proses wat Crank “the bypassing of organisational structure” noem. Aan die ander kant verteenwoordig die lae van die ui die oordrag van die individu se kultuur aan die gemeenskap, wat Crank die “individual to society elements of police culture” noem (Crank, 2004:34).

## **SOSIALISERING VAN NUWELINGE IN DIE POLISIEKULTUUR**

Polisiekultuur word aan rekrute oorgedra deur 'n proses wat as “sosialisering” bekend staan. Hierdie proses geskied tydens hulle basiese opleiding (Crank, 2004). Hoewel die literatuur nie baie voorbeelde van sistematiese studies oor die sosialisering van polisielede oplewer nie (Van Maanen, 1973; Fielding, 1988), is 'n magdom studies oor professionele en organisatoriese sosialisering in ander velde gedoen (Saks & Ashforth, 1997; Ashforth, Saks & Lee, 1998; Ashforth & Saks, 1996; Adkins, 1995; Morrison, 1993; Jones, 1986; Van Maanen & Schein, 1979).

Tradisioneel word sosialisering gesien as die proses waardeur 'n nuweling vaardighede, kennis en waardes wat hy of sy benodig om 'n bekwame lid van 'n organisasie of beroep te word, aanleer (Chan, 2003:3). In polisiëring beteken dit dat die rekrut nie net wette, die prosedures en tegnieke van wetstoepassing en die handhawing van orde moet aanleer nie, maar dat hy of sy ook 'n reeks organisatoriese vaardighede, houdings en aannames moet ontwikkel wat versoenbaar is met dié van ander lede binne die organisasie. Dit is tydens hierdie sosialiseringsproses dat rekrute *formeel* in aanraking kom met die polisiekultuur. Dit is egter dikwels nie die eerste keer dat 'n rekrut met die polisiekultuur in aanraking kom nie, omdat informele kontak reeds kon geskied het deur middel van familielede wat in die polisiediens is of was. Rekrute is ook sensitief ingestel teenoor die polisiekultuur deur middel van die elektroniese en ander media.

Die sosialiseringsproses neem 'n aanvang tydens die keuring van nuwe rekrute. Die meeste werwingsagentskappe onderwerp aansoekers aan 'n streng keuringsproses voordat hulle toegelaat

word vir opleiding. Hierdie keuringsproses is ontwerp om te verseker dat rekrute voldoen aan verskeie kriteria wat belangrik geag word vir lede wat by die organisasie aansluit.

Die oomblik wanneer die rekrute by die opleidingskollege of sentrum aanmeld, neem die intensiteit van die sosialisering toe, en die proses duur geruime tyd voort nadat hy of sy die diens amptelik as konstabel betree het. Suksesvolle sosialisering gaan dikwels hand aan hand met 'n persoonlike metamorfose – wat nie altyd positief is nie. Navorsing toon deurgaans dat rekrute met hoë verwagtinge en ideale by die polisie diens aansluit, maar dat baie van hulle ontnugter en sinies raak oor polisiewerk en die organisasie wanneer hulle die diens as konstabels betree, ten spyte van die feit dat hulle toegewy bly aan hulle gekose beroep en reeds sterk bande met hulle kollegas gesmee het (Chan, 2003:3).

Polisierokrute gaan deur verskeie stadia van sosialisering (Van Maanen, 1976). Daar is dikwels 'n stadium van afgagtende sosialisering, wanneer voornemende werknemers hulle voorberei vir 'n gekose beroep deur waardes, houdings, vaardighede en kennis oor daardie beroep hulle eie te maak. Dit word gevolg deur 'n fase van aanvanklike ontmoeting met die organisasie, wat 'n moeilike fase kan wees as die rekrute se verwagtinge van die beroep en die organisasie onrealisties is. Die rekrute se ervarings in hierdie fase word deur omgewings en organisatoriese faktore bemiddel, sowel as deur relevante groep-, taak- en individuele faktore (Van Maanen, 1976). Laastens vereis volgehoue lidmaatskap van die organisasie 'n sekere mate van metamorfose aan die kant van die nuweling. Die mate waarin 'n individu hierdie verandering ondergaan, word deur die situasie bepaal en is afhanklik van organisatoriese en individuele eienskappe (Van Maanen, 1976:115).

Die resultaat van sosialisering hang dikwels af van die “sosialiseringstaktiek” (Van Maanen & Schein, 1979) wat deur die organisasie toegepas word. Hierdie taktiek om sosialisering te bewerkstellig kan “geïnstitutionaliseerd” of “geïndividualiseerd” wees (Jones, 1986). Die sosialisering van polisierokrute is “geïnstitutionaliseerd” deurdat dit tydens die verloop van die kollegefase tipies kollektief, formeel, opeenvolgend en vasgestel is, en tydens die veldopleidingsfase (dit wil sê waar ervare lede nuwelinge touwys maak) 'n reeks aktiwiteite (*serial*) behels. Hierdie opleiding sluit “ontnemingsprosesse” in, wat rekrute van sekere persoonlikheidseienskappe stroop.

Geïnstitutionaliseerde sosialisering is geneig om gelykvormigheid, eerder as innovering, aan te moedig (Jones, 1986). Of hierdie uitkoms as negatief beskou kan word, hang natuurlik daarvan af of die organisasie innoverende denke van sy lede vereis (Ashforth & Saks, 1996).

## NAVORSINGSMETODIEK

Die navorsingsvraag wat die studie voorafgegaan het, is: Ondersteun die houdings van SAPD-nuwelinge die konsep van gemeenskapspolisiering as die organisasie se aanvaarde styl van polisiering? Om hierdie vraag te beantwoord, is die volgende navorsingsmetodiek gevolg:

Daar is besluit om beide 'n kwantitatiewe en deduktiewe navorsingsbenadering en ontwerp te gebruik, omdat die navorser wou vasstel of spesifieke polisie kultuur temas in nuwelinge se houdings teenwoordig is wanneer hulle vir basiese opleiding aanmeld, wanneer hulle die basiese opleiding voltooi het, en wanneer hulle die veldopleidingsfase voltooi het. Die temas wat deur die navorser geïdentifiseer is, naamlik solidariteit, isolasie en sinisme, is as “losgekoppelde temas” (*loose coupling themes*) geklassifiseer, soos beskryf in die literatuur oor polisie kultuur (Crank, 2004).

## KONSEPTUALISERING VAN RELEVANTE BEGRIPPE

### Afhanklike veranderlikes

#### Houdings van nuweling in die SAPD

SAPD-nuwelinge: Burgers van die Republiek van Suid-Afrika wat deur die SAPD gewerf is en besig is om hulle basiese opleiding te voltooi.

Houdings van SAPD-nuwelinge: Kognitiewe evaluering (gunstig of ongunstig) gebaseer op antwoorde op 'n 30-itemvraelys waardeur rekrute se houdings ten opsigte van die temas solidariteit, isolasie en sinisme gemeet is.

### Onafhanklike veranderlikes

#### Polisiekultuurtema: solidariteit

SAPD-nuwelinge het die behoefte om kragtige bande van lojaliteit met mekaar en met meer ervare polisiebeamptes te smee in 'n poging om hulleself teen die gevare van polisiewerk te beskerm, en ook om hulle te vrywaar teen eksterne aanslae in die vorm van uitdaging van polisiegesag.

#### Polisiekultuurtema: isolasie

Dit behels die mate waarin SAPD-nuwelinge voel dat hulle geïsoleer is van voormalige vriende, die gemeenskap, die regstelsel en hulle metgesel en gesinne. Isolاسie word ook as 'n gevolg van polisie-solidariteit beskou (Crank, 2004).

#### Polisiekultuurtema: sinisme

Hierdie tema verteenwoordig 'n siniese interpretasie en beskouing van "buitegroep" (die gemeenskap, media, regstelsel en persone in toppolisierange).

## BEOORDELINGSKAAL

'n Vraelys bestaande uit 30 items is deur die navorser ontwikkel om SAPD-nuwelinge se houdings te meet teenoor die polisiekultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme, soos beskryf in die literatuur oor polisiekultuur (Crank, 2004; Chan, 2001; Manning, 1989; Reuss-Ianni, 1983; Shearing & Ericson, 1991; McNulty, 1994; Bayley & Bittner, 1989; Skolnick, 1994; Van Maanen, 1978; Niederhoffer, 1967). Al die items in die vraelys is gestruktureerd en geslote, en bevat die volgende vyfpunt- Lickert-tipe beoordelingskaal:

Stem beslis nie saam nie	Stem nie saam nie	Ek weet nie	Stem saam	Stem beslis
--------------------------	-------------------	-------------	-----------	-------------

Die vraelys is in vier afdelings verdeel:

- Afdeling A: Biografiese inligting oor respondente
- Afdeling B: Polisiekultuurtema: solidariteit (houdings)
- Afdeling C: Polisiekultuurtema: isolasie (houdings)
- Afdeling D: Polisiekultuurtema: sinisme (houdings)

**TABEL 1:** 30-Itemvraelys

---

**AFDELING B: Polisekultuurtema: solidariteit**

---

1. Ek dink dat 'n polisiebeampte een van die hoogs betaalde beamptes moet wees.
  2. Ek voel dat dit my plig is om slegte elemente uit die land te verwyder.
  3. Polisiebeamptes is versigtig oor hoe hulle in die openbaar optree.
  4. Jy verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees totdat jy self een is nie.
  5. Polisiebeamptes moet vir mekaar opstaan.
  6. Lede van die publiek, media en politici is vinnig om die polisie te kritiseer, maar erken selde die goeie werk wat hulle doen.
  7. Wat 'n polisiebeampte nie doodmaak nie, maak hom of haar sterker.
  8. Die meeste lede van die publiek weet nie regtig wat “daar buite” aangaan nie.
  9. 'n Goeie polisiebeampte neem niks as vanselfsprekend aan nie.
  10. Om 'n polisiebeampte te wees, is nie net nog 'n werk nie, maar 'n “roeping”.
- 

**AFDELING C: Polisekultuurtema: isolasie**

---

11. Ek sosialiseer minder met my vriende buite die polisie vandat ek 'n polisiebeampte geword het.
  12. Ek verkies om met polisiebeamptes te sosialiseer in plaas van met mense wat nie polisiebeamptes is nie.
  13. Ek gesels nie in detail met mense buite die polisie oor my werk nie.
  14. Vandat ek 'n polisiebeampte geword het, bemerk ek al hoe meer die howe se gebrek aan ondersteuning en samewerking jeens die polisie.
  15. My eggenoot verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees nie.
  16. Skofwerk en spesiale dienste beïnvloed my sosialisering met vriende buite die polisie.
  17. Ek voel dat ek al hoe meer met my kollegas identifiseer en al hoe minder met die mense vir wie ek moet polisieer.
  18. Omdat ek 'n polisiebeampte is, word ek krities dopgehou deur mense van die publiek, selfs in my privaat lewe.
  19. Ek voel dat ek openliker kan gesels met my kollegas; ek voel nie dieselfde oor lede van die publiek nie.
  20. Kommissarissee weet nie regtig wat op grondvlak aangaan nie.
- 

**AFDELING D: Polisekultuurtema: sinisme**

---

21. Die meeste mense vertel nie die waarheid as hulle deur polisiebeamptes ondervra word nie.
  22. Die meeste mense huiwer nie om uit hulle pad te gaan om iemand wat in gevaar is, te help nie.
  23. Die meeste mense kan nie vertrou word nie en is oneerlik.
  24. Die meeste mense sal steel as hulle weet dat hulle nie gevang sal word nie.
  25. Die meeste mense respekteer polisiebeamptes se gesag.
  26. Die meeste mense toon nie genoeg respek vir polisiebeamptes nie.
  27. Polisiebeamptes sal nooit lede van die gemeenskap genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.
  28. Die meeste lede van die gemeenskap luister na die opinies en voorstelle van polisiebeamptes.
  29. Lede van die gemeenskap sal polisiebeamptes nooit genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.
  30. Die gemeenskap ondersteun nie die polisie nie, en die polisie vertrou nie die publiek nie.
-

Die afdeling oor biografiese inligting (Afdeling A) het data ingewin oor nuweling se identiteit, ouderdom, geslag, ras, huwelikstatus, tersiêre kwalifikasies, ervaring as polisie-reservis en familieband(e) in die SAPD. Afdelings B, C en D het elk uit tien items bestaan wat die respondente se houdings teenoor die polisie-kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme onderskeidelik getoets het, soos aangedui in tabel 1.

Die gesigsgeldigheid van die vraelys is deur senior bestuurslede van die SAPD en akademici in die polisie geëvalueer. 'n Loodsstudie is ook uitgevoer en die faktoranalise (Varimax-tegniek) het vier faktore met Eigen-waardes hoër as 1,5 geïdentifiseer, soos aangedui in tabel 2.

**TABEL 2:** Faktoranalise

<b>Faktor 1</b>	<b>Faktor 2</b>	<b>Faktor 3</b>	<b>Faktor 4</b>
3,4625324	2,1932821	1,7459078	1,5539314

Die volgende afleidings kan uit tabel 2 gemaak word:

- Faktor 1 toon hoë ladings op items 21, 23, 24, 27, 29 en 30. Hierdie items hou almal verband met die polisie-kultuurtema sinisme.
- Faktor 2 toon hoë ladings op items 25, 29 en 30. As gevolg van die hoë negatiewe ladings op die items in Afdeling D, is hierdie items op 'n nuwe faktor gelaai wat na die teenoorgestelde van die tema sinisme verwys. Hierdie faktor kan moontlik toegeskryf word aan die ondersteunende verhoudings tussen die polisie en die gemeenskap, en vice versa.
- Faktor 3 toon hoë ladings op items 2, 5, 6, 11 en 12. Hierdie items hou verband met die polisie-kultuurtema solidariteit.
- Faktor 4 toon hoë ladings op items 14, 16, 23, 24 en 28. Hierdie items hou verband met die polisie-kultuurtema isolasie.

Al die faktorladings is matig tot laag, wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die items in die vraelys ontwerp is as deel van 'n longitudinale studie wat SAPD-nuweling se veranderende houdings in drie fases getoets het: met aanmelding vir basiese opleiding, met voltooiing van basiese opleiding, en met voltooiing van die veldopleidingsprogram. Dit is gedoen om die gevolge van basiese polisieopleiding, asook die impak van polisie-kultuurtemas, op nuweling te toets.

## STEEKPROEF

By die aanvang van die studie (Januarie 2005) is 4 350 rekrute gewerf vir 'n opleidingstyd van 12 maande. Die opleiding het in Januarie 2005 'n aanvang geneem en sou uit twee fases bestaan: ses maande kollegeopleiding en ses maande veldopleiding by die ses verskillende polisieopleidingsinstitute in Suid-Afrika (Pretoria, Bisho, Graaff-Reinet, Philippi, Oudtshoorn en Chatsworth). Om 'n hoë standaard van eksterne geldigheid te handhaaf, standaardfoute te verminder en sistematiese vooroordeel uit te skakel, is die gemiddelde van die steekproef in ooreenstemming met die populasiegemiddelde bepaal. Gevolglik is bepaal dat die steekproef binne 'n 5%-interval van die populasiegemiddelde moes wees, met 'n betroubaarheidsvlak van 99%, soos aangedui in tabel 3.

Aanvanklik is 1 485 respondente vir die steekproef geïdentifiseer, maar die werklike getal respondente was teen Tyd 1 (Januarie 2005) minder as wat oorspronklik bepaal is (tabel 3) as gevolg van attrisie en nie-inwilliging. Van die 1 485 nuweling wat aanvanklik geselekteer is om aan die studie deel te neem, het 1 453 aan die begin van hulle basiese opleiding werklik deelgeneem. Dit verteenwoordig 'n steekproef van 97,8% teen Tyd 1. Slegs SAPD-nuweling wat die vrywillige toestemmingsvorm onderteken het, is toegelaat om aan die studie deel te neem.

**TABEL 3:** Steekproef by toets 1 (Januarie 2005), toets 2 (Junie 2005) en toets 3 (Desember 2005)

X = SAPD-Rekrutpopulasie (Januarie 2005-inname)

SAPD BOI = Suid-Afrikaanse Polisie diens basiese opleidingsinstitute

Tyd 1 = Januarie 2005; Tyd 2 = Junie 2005; Tyd 3 = Desember 2005

SAPD BOI	Provinsie	X	Aanvanklike steekproef vasgestel	Tyd 1	Tyd 2	Tyd 3
Pretoria	Gauteng	2 050	500	496	314	314
Chatsworth	KwaZulu-Natal	140	120	119	103	98
Oudtshoorn	Wes-Kaap	420	214	200	180	166
Bisho	Oos-Kaap	840	317	317	300	106
Graaff-Reinet	Oos-Kaap	350	281	275	256	158
Philippi	Wes-Kaap	550	53	53	52	28
<b>Totaal</b>	<b>4 Provinsies</b>	<b>4 350</b>	<b>1 485</b>	<b>1 453</b>	<b>1 168</b>	<b>870</b>

285 respondente wat aan die eerste toets (Tyd 1, Januarie 2005) deelgeneem het, het nie aan die tweede toets (Tyd 2, Junie 2005) deelgeneem nie, as gevolg van attrisie en nie-inwilliging. 298 respondente wat aan die tweede toets (Tyd 2, Junie 2005) deelgeneem het, het nie aan die derde toets (Tyd 3, Desember 2005) deelgeneem nie, as gevolg van attrisie en nie-inwilliging. 'n Totaal van 870 rekrute het dus aan al drie toetse deelgeneem, teen 'n steekproefkoers van 58,6% (870/1 485).

## PROSEDURE

Om die bal vir die studie aan die rol te sit, moes die navorsers die toestemming van die SAPD bekom. 'n Aansoek om toestemming, vergesel van 'n navorsingsvoorstel, is in September 2003 aan die nasionale hoof van Strategiese Navorsing van die SAPD gestuur. Op 12 Januarie 2004 is skriftelike toestemming vir die projek ontvang. Hierna is die bevelvoerende offisier van elk van die ses opleidingsinstitute telefonies en skriftelik gekontak met die versoek dat hulle hulle samewerking sou gee om die nodige data vir die studie te bekom. Al ses die bevelvoerders het toestemming gegee, en die studie het in Januarie 2005 'n aanvang geneem.

By die SAPD-opleidingsinstitute is die volgende stappe tydens die eerste toets (Tyd 1, Januarie 2005) en die tweede toets (Tyd 2, Junie 2005) gevolg:

- In Januarie 2005 is al die nuwe rekrute by die onderskeie opleidingsinstitute in 'n saal byeengeroep. Elkeen is van 'n tafel, stoel en pen voorsien.
- Hulle is as 'n groep gevra of hulle vrywillig aan 'n navorsingstudie oor rekrute se houdings sou deelneem deur 'n 30-itemvraelys te voltooi. Diegene wat verkies het om nie deel te neem nie, is verskoon, terwyl die vrywilligers versoek is om die toestemmingsvorm te onderteken.
- Die respondente is ingelig dat hulle antwoorde vertroulik sou bly en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sou word.
- Diegene wat die vrywilligetoestemmingsvorm onderteken het, het die vraelys voltooi. Geen tydsbepaling was van toepassing nie.

- Nadat die vraelyste voltooi en ingeneem is, is die navorser gekontak. 'n Koerierdiens het die voltooide vorms, wat in verseëld koeverte geplaas is, by die navorser afgelewer.
- Die vrywilligers wat in Januarie 2005 die vraelys voltooi het, se name is gelys en hulle is versoek om die vraelys weer in Junie 2005 te voltooi.
- Dieselfde proses is gevolg om die voltooide vraelyste ná Tyd 2 aan die navorser terug te besorg.

'n Verskillende benadering is met die derde toets (Tyd 3, Desember 2005) gevolg, omdat SAPD-nuwelinge aan die einde van hulle opleidingstydperk na 451 verskillende polisiëringsareas oor al die provinsies van Suid-Afrika uitgeplaas is. Die toestemming van die onderskeie provinsiale opleidingshoofde van die SAPD en die gebiedshoofde van veldopleiding is verkry vir die versameling van data met toets 2 (Tyd 2, Junie 2005). Tydens hierdie toets is die respondente versoek om aan te dui na watter gebied en polisiestrasie hulle vir veldopleiding gesekeundeer is. Hierdie inligting het die navorser in staat gestel om 'n lys van respondente per provinsie saam te stel. Om data vir Tyd 3 (Desember 2005) te versamel, is die naamlyste en vraelyste per pos en faks aan die onderskeie provinsiale opleidingshoofde van die SAPD gestuur. Die opleidingshoofde het dan die onderskeie veldopleidingshoofde versoek om die 30-itemvraelyste aan die gelyste respondente beskikbaar te stel vir voltooiing. Na voltooiing van die vraelyste is dit in verseëld koeverte aan die onderskeie provinsiale opleidingshoofde teruggestuur. Nadat die voltooide vraelyste ontvang is, is die navorser gekontak om die vraelyste te kom haal. Dit was 'n baie tydrowende proses, omdat die respondente tydens hierdie fase oor die hele land versprei was.

## DATA REDUSERING

Sodra die navorser die voltooide vraelyste ontvang het, is die rou data in 'n rekenaarstelsel ingevoer. Verskeie statistiese tegnieke (frekwensieverspreidings, chi-kwadraat, ANOVA en MANOVA) is gebruik om die rou data te omskep in betekenisvolle statistiese inligting met die oog op analise. Die data het ook biografiese inligting bevat, soos vervat in tabel 4.

**TABEL 4:** Biografiese inligting van respondente (SAPD-Rekrute)

<b>GESLAG</b>				
<b>Mans</b>		<b>Vroue</b>		
N	%	N	%	
958	65	502	35	
<b>OUERDOM</b>				
Geldige N	Middel	Gemiddelde	Minimum	Maksimum
1 229	26,00	27,00	19,00	35,00
<b>RAS</b>				
Etniese groep	Swart	Indiër	Bruin	Wit
Getal	1 256	20	146	33
Persentasie	84,7	1,5	11,2	2,5
<b>HUWELIKSTATUS</b>				
Getroud	Geskei	Enkel	Weduwee/wewenaar	
7,8%	0,5%	91,1%	0,1%	

**TABEL 4:** Biografiese inligting van respondente (SAPD-Rekrute) (vervolg)

<b>KWALIFIKASIES</b>					
<b>Kwalifikasie</b>		<b>Persentasie respondente</b>			
Minder as graad 12		0			
Graad 12		48,9			
Graad 12 + 1		24,6			
Graad 12 + 2		9,7			
Graad 12 + 3		16,1			
Graad 12 + 4		0,5			
Graad 12 + 5		0,1			
<b>ERVARING AS RESERVIS</b>					
Geen ervaring	Een jaar	Twee jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar en meer
89,7%	2,5%	2,9%	2,2%	1,2%	1,3%

Die frekwensieverspreiding van die antwoorde op die 30-itemvraelys het die houdings van die respondente ten opsigte van die polisiekuultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme gemeet, soos bepaal vir Tyd 1 (tabel 5), Tyd 2 (tabel 6) en Tyd 3 (tabel 7).

**TABEL 5:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 1

<b>VRAELYS-ITEM</b>	<b>P/N</b>	<b>BS</b>	<b>SS</b>	<b>WN</b>	<b>NS</b>	<b>BN</b>	<b>NV</b>
1. Ek dink dat 'n polisiebeampte een van die hoogs betaalde beamptes moet wees.	P	59,7	32,8	1,4	4,9	0,9	0,3
2. Ek voel dat dit my plig is om slegte elemente uit die land te verwyder.	P	57,5	37,9	1,0	2,3	0,6	0,8
3. Polisiebeamptes is versigtig oor hoe hulle in die openbaar optree.	P	34,4	50,2	0,8	12,7	1,8	0,0
4. Jy verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees totdat jy self een is nie.	P	45,1	36,1	0,5	14,3	4,0	0,0
5. Polisiebeamptes moet vir mekaar opstaan.	P	71,2	26,2	0,3	1,4	0,7	0,2
6. Lede van die publiek, media en politici is vinnig om die polisie te kritiseer, maar erken selde die goeie werk wat hulle doen.	P	55,1	40,6	1,4	2,3	0,1	0,4
7. Wat 'n polisiebeampte nie doodmaak nie, maak hom of haar sterker.	P	26,7	42,9	16,6	8,9	2,0	2,8
8. Die meeste lede van die publiek weet nie regtig wat "daar buite" aangaan nie.	P	38,3	49,5	1,0	9,0	1,9	0,2
9. 'n Goeie polisiebeampte neem niks as vanselfsprekend aan nie.	P	36,6	46,0	5,2	9,7	1,3	1,1
10. Om 'n polisiebeampte te wees, is nie net nog 'n werk nie, maar 'n "roeping".	P	62,5	31,0	1,0	2,4	0,9	0,1
11. Ek sosialiseer minder met my vriende buite die polisie vandat ek 'n polisiebeampte geword het.	P	19,8	41,6	2,8	26,8	9,0	0,1



**TABEL 5:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 1 (vervolg)

VRAELYS-ITEM	P/N	BS	SS	WN	NS	BN	NV
12. Ek verkies om met polisiebeamptes te sosialiseer in plaas van met mense wat nie polisiebeamptes is nie.	P	17,3	35,4	3,1	36,7	7,4	0,1
13. Ek gesels nie in detail met mense buite die polisie oor my werk nie.	P	45,6	43,4	1,6	6,8	2,5	0,1
14. Vandat ek 'n polisiebeampte geword het, bemerk ek al hoe meer die howe se gebrek aan ondersteuning en samewerking jeens die polisie.	P	8,1	21,1	20,4	37,1	12,9	0,4
15. My eggenoot verstaan nie wat dit is om 'n polisie-beampte te wees nie.	P	18,1	40,5	4,7	27,4	9,2	0,1
16. Skofwerk en spesiale dienste beïnvloed my sosialisering met vriende buite die polisie.	P	7,2	24,1	8,6	44,7	15,2	0,2
17. Ek voel dat ek al hoe meer met my kollegas identifiseer en al hoe minder met die mense vir wie ek moet polisieer.	P	12,4	42,5	5,7	33,5	5,8	0,2
18. Omdat ek 'n polisiebeampte is, word ek krities dopgehou deur mense van die publiek, selfs in my privaat lewe.	P	53,8	34,8	2,7	7,4	1,2	0,1
19. Ek voel dat ek openliker kan gesels met my kollegas; ek voel nie dieselfde oor lede van die publiek nie.	P	28,9	45,9	3,1	17,7	3,9	0,4
20. Kommissarisse weet nie regtig wat op grondvlak aangaan nie.	P	18,7	22,4	11,1	34,2	13,7	0,0
21. Die meeste mense vertel nie die waarheid as hulle deur polisiebeamptes ondervra word nie.	P	23,4	59,7	5,6	9,7	1,5	0,1
22. Die meeste mense huiwer nie om uit hulle pad te gaan om iemand wat in gevaar is, te help nie.	N	11,1	44,9	2,4	35,6	5,7	0,1
23. Die meeste mense kan nie vertrou word nie en is oneerlik.	P	21,6	52,5	2,2	20,9	2,8	0,0
24. Die meeste mense sal steel as hulle weet dat hulle nie gevang sal word nie.	P	32,2	50,4	1,8	12,5	3,1	0,0
25. Die meeste mense respekteer polisiebeamptes se gesag.	N	18,2	54,8	1,2	22,6	3,0	0,2
26. Die meeste mense toon nie genoeg respek vir polisie-beamptes nie.	P	16,8	53,3	1,8	23,9	3,9	0,3
27. Polisiebeamptes sal nooit lede van die gemeenskap genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	9,9	31,7	2,8	44,0	11,4	0,2
28. Die meeste lede van die gemeenskap luister na die opinies en voorstelle van polisiebeamptes.	N	12,8	57,2	3,3	24,1	2,2	0,3
29. Lede van die gemeenskap sal polisiebeamptes nooit genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	6,0	38,7	2,9	42,1	10,1	0,2
30. Die gemeenskap ondersteun nie die polisie nie, en die polisie vertrou nie die publiek nie.	P	6,3	27,6	4,0	43,8	18,0	0,3

P/N = positief of negatief; BS = stem beslis saam; SS = stem saam; WN = ek weet nie;  
 NS = stem nie saam nie; BN = stem beslis nie saam nie; NV = nie voltooi

**TABEL 6:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 2

VRAELYS-ITEM	P/N	BS	SS	WN	NS	BN	NV
1. Ek dink dat 'n polisiebeampte een van die hoogs betaalde beamptes moet wees.	P	46,3	25,9	0,9	2,6	1,0	23,0
2. Ek voel dat dit my plig is om slegte elemente uit die land te verwyder.	P	45,3	28,0	1,7	1,0	0,8	23,0
3. Polisiebeamptes is versigtig oor hoe hulle in die openbaar optree.	P	23,3	40,4	1,7	10,6	0,0	23,1
4. Jy verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees totdat jy self een is nie.	P	44,9	24,5	0,6	5,0	1,7	23,0
5. Polisiebeamptes moet vir mekaar opstaan.	P	56,5	18,2	0,2	1,0	0,8	23,0
6. Lede van die publiek, media en politici is vinnig om die polisie te kritiseer, maar erken selde die goeie werk wat hulle doen.	P	41,2	33,1	0,8	1,2	0,3	23,1
7. Wat 'n polisiebeampte nie doodmaak nie, maak hom of haar sterker.	P	21,8	35,5	11,8	6,5	0,8	23,2
8. Die meeste lede van die publiek weet nie regtig wat "daar buite" aangaan nie.	P	26,2	40,3	1,2	8,0	0,9	23,1
9. 'n Goeie polisiebeampte neem niks as vanselfsprekend aan nie.	P	31,8	37,3	3,2	3,6	0,6	23,2
10. Om 'n polisiebeampte te wees, is nie net nog 'n werk nie, maar 'n "roeping".	P	48,7	24,2	0,8	1,9	1,0	23,1
11. Ek sosialiseer minder met my vriende buite die polisie vandat ek 'n polisiebeampte geword het.	P	15,0	33,1	2,6	22,3	3,6	23,1
12. Ek verkies om met polisiebeamptes te sosialiseer in plaas van met mense wat nie polisiebeamptes is nie.	P	12,5	30,0	2,7	26,6	4,7	23,2
13. Ek gesels nie in detail met mense buite die polisie oor my werk nie.	P	35,3	33,4	1,2	5,4	1,3	23,1
14. Vandat ek 'n polisiebeampte geword het, bemerk ek al hoe meer die howe se gebrek aan ondersteuning en samewerking jeens die polisie.	P	6,16	19,0	17,2	28,5	5,8	23,2
15. My eggenoot verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees nie.	P	12,7	36,9	3,7	18,6	4,7	23,1
16. Skofwerk en spesiale dienste beïnvloed my sosialisering met vriende buite die polisie.	P	6,5	19,9	6,8	33,7	9,7	23,0
17. Ek voel dat ek al hoe meer met my kollegas identifiseer en al hoe minder met die mense wat ek moet polisieer.	P	8,2	33,6	3,5	27,9	3,4	23,0
18. Omdat ek 'n polisiebeampte is, word ek krities dopgehou deur mense van die publiek, selfs in my privaat lewe.	P	37,9	33,6	1,7	2,9	0,5	23,0
19. Ek voel dat ek openliker kan gesels met my kollegas; ek voel nie dieselfde oor lede van die publiek nie.	P	20,1	39,3	2,0	13,6	1,7	23,0
20. Kommissarisse weet nie regtig wat op grondvlak aangaan nie.	P	18,4	23,8	6,1	22,9	5,5	23,0

**TABEL 6:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 2 (vervolg)

VRAELYS-ITEM	P/N	BS	SS	WN	NS	BN	NV
21. Die meeste mense vertel nie die waarheid as hulle deur polisiebeamptes ondervra word nie.	P	16,3	48,8	3,6	7,5	0,4	23,0
22. Die meeste mense huiwer nie om uit hulle pad te gaan om iemand wat in gevaar is, te help nie.	N	5,6	34,4	2,2	30,8	3,6	23,0
23. Die meeste mense kan nie vertrou word nie en is oneerlik.	P	11,8	42,2	2,1	18,6	1,9	23,0
24. Die meeste mense sal steel as hulle weet dat hulle nie gevang sal word nie.	P	22,5	41,4	2,1	9,3	1,5	23,0
25. Die meeste mense respekteer polisiebeamptes se gesag.	N	7,3	43,4	0,8	23,2	1,9	23,1
26. Die meeste mense toon nie genoeg respek vir polisiebeamptes nie.	P	9,3	44,4	1,3	19,5	2,1	23,0
27. Polisiebeamptes sal nooit lede van die gemeenskap genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	5,3	28,1	1,9	34,7	6,7	23,0
28. Die meeste lede van die gemeenskap luister na die opinies en voorstelle van polisiebeamptes.	N	6,8	45,4	2,8	20,8	0,8	23,0
29. Lede van die gemeenskap sal polisiebeamptes nooit genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	3,6	31,6	2,1	33,8	5,3	23,3
30. Die gemeenskap ondersteun nie die polisie nie, en die polisie vertrou nie die publiek nie.	P	3,8	22,3	3,4	34,7	12,0	23,5

**P/N = positief of negatief; BS = stem beslis saam; SS = stem saam; WN = ek weet nie;**

**NS = stem nie saam nie; BN = stem beslis nie saam nie; NV = nie voltooi**

Volgens die data in tabel 5 het die meeste respondente aangedui dat hulle saamstem, of beslis saamstem, met die items wat die tema solidariteit meet (items 1-10). Wat betref die items wat die tema isolasie meet, het respondente saamgestem, of beslis saamgestem, met items 11, 13, 15, 18 en 19. Respondente het nie saamgestem nie, of beslis nie saamgestem nie, met items 12, 14, 16, 17 en 20. Persentasiegewys het meer respondente saamgestem of beslis saamgestem met die tema sinisme (items 21-30) as wat nie saamgestem het of beslis nie saamgestem het met hierdie tema nie.

Die data in tabel 6 dui daarop dat die meeste respondente teen Tyd 2 saamgestem het, of beslis saamgestem het, met die stellings wat solidariteit voorstaan (items 1-10). Met betrekking tot die tema isolasie (items 11-20), het die meeste van die respondente saamgestem, of beslis saamgestem, met items 11, 13, 15, 18 en 19. Respondente het nie saamgestem of beslis nie saamgestem met items 12, 14, 16, 17 en 20 nie. Meer respondente het saamgestem, of beslis saamgestem, met die stellings wat op sinisme dui (items 21-30) as respondente wat nie saamgestem of beslis nie saamgestem het nie.

Die data in tabel 7 dui daarop dat meer respondente teen Tyd 3 saamgestem het, of beslis saamgestem het, met al tien die items rakende solidariteit (items 1-10). Met betrekking tot die tema isolasie (items 11-20), het die meeste van die respondente saamgestem, of beslis saamgestem, met items 11, 12, 13, 15, 17, 18, 19 en 20, terwyl die meeste respondente nie saamgestem het of beslis nie saamgestem het met items 14 en 16 nie. Wat betref die tema sinisme (items 21-30), het die meeste respondente saamgestem, of beslis saamgestem, met items 21, 23, 24 en 26, terwyl die meeste respondente nie saamgestem het of beslis nie saamgestem het nie met items 22 en 25 (negatiewe items), 27, 28 (negatiewe item), 29 en 30.

**TABEL 7:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 3

<b>VRAELYS-ITEM</b>	<b>P/N</b>	<b>BS</b>	<b>SS</b>	<b>WN</b>	<b>NS</b>	<b>BN</b>	<b>NV</b>
1. Ek dink dat 'n polisiebeampte een van die hoogs betaalde beamptes moet wees.	P	57,7	37,1	1,1	2,9	0,9	0,1
2. Ek voel dat dit my plig is om slegte elemente uit die land te verwyder.	P	57,9	39,3	0,5	1,1	0,9	0,1
3. Polisiebeamptes is versigtig oor hoe hulle in die openbaar optree.	P	32,0	54,5	1,7	9,8	1,7	0,0
4. Jy verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees totdat jy self een is nie.	P	59,7	32,5	0,1	5,6	1,8	0,1
5. Polisiebeamptes moet vir mekaar opstaan.	P	73,6	23,6	0,3	1,2	0,9	0,1
6. Lede van die publiek, media en politici is vinnig om die polisie te kritiseer, maar erken selde die goeie werk wat hulle doen.	P	52,9	44,1	0,9	1,4	0,4	0,0
7. Wat 'n polisiebeampte nie doodmaak nie, maak hom of haar sterker.	P	28,7	48,5	12,1	8,6	1,1	0,8
8. Die meeste lede van die publiek weet nie regtig wat "daar buite" aangaan nie.	P	37,7	52,1	0,5	8,2	0,9	0,3
9. 'n Goeie polisiebeampte neem niks as vanselfsprekend aan nie.	P	39,8	49,3	3,7	5,6	0,6	0,6
10. Om 'n polisiebeampte te wees, is nie net nog 'n werk nie, maar 'n "roeping".	P	64,5	31,3	1,4	2,0	0,2	0,2
11. Ek sosialiseer minder met my vriende buite die polisie vandat ek 'n polisiebeampte geword het.	P	23,5	48,7	1,1	22,5	3,6	0,3
12. Ek verkies om met polisiebeamptes te sosialiseer in plaas van met mense wat nie polisiebeamptes is nie.	P	18,1	45,2	1,7	30,5	4,2	0,0
13. Ek gesels nie in detail met mense buite die polisie oor my werk nie.	P	44,7	47,7	0,3	5,8	1,1	0,2
14. Vandat ek 'n polisiebeampte geword het, bemerk ek al hoe meer die howe se gebrek aan ondersteuning en samewerking jeens die polisie.	P	9,3	31,7	11,8	39,0	7,3	0,6
15. My eggenoot verstaan nie wat dit is om 'n polisiebeampte te wees nie.	P	15,7	49,5	2,0	26,6	5,9	0,0
16. Skofwerk en spesiale dienste beïnvloed my sosialisering met vriende buite die polisie.	P	8,73	31,6	4,3	42,6	12,5	0,1
17. Ek voel dat ek al hoe meer met my kollegas identifiseer en al hoe minder met die mense vir wie ek moet polisieer.	P	11,8	50,5	2,6	30,3	4,4	0,1
18. Omdat ek 'n polisiebeampte is, word ek krities dopgehou deur mense van die publiek, selfs in my privaat lewe.	P	49,3	44,2	0,6	4,3	1,3	0,0
19. Ek voel dat ek openliker kan gesels met my kollegas; ek voel nie dieselfde oor lede van die publiek nie.	P	24,2	55,2	1,2	16,8	2,1	0,1
20. Kommissaris weet nie regtig wat op grondvlak aangaan nie.	P	31,7	31,7	5,6	24,2	6,3	0,3
21. Die meeste mense vertel nie die waarheid as hulle deur polisiebeamptes ondervra word nie.	P	24,8	63,6	2,6	7,9	0,6	0,2
22. Die meeste mense huiwer nie om uit hulle pad te gaan om iemand wat in gevaar is, te help nie.	N	7,3	45,7	1,4	40,5	4,5	0,2

**TABEL 7:** Frekwensieverspreiding van respondente: Tyd 3 (vervolg)

VRAELYS-ITEM	P/N	BS	SS	WN	NS	BN	NV
23. Die meeste mense kan nie vertrou word nie en is oneerlik.	P	16,2	57,0	2,6	22,0	1,9	0,1
24. Die meeste mense sal steel as hulle weet dat hulle nie gevang sal word nie.	P	30,4	54,9	2,1	10,9	1,3	0,1
25. Die meeste mense respekteer polisiebeamptes se gesag.	N	11,8	50,6	0,9	33,3	3,2	0,0
26. Die meeste mense toon nie genoeg respek vir polisie-beamptes nie.	P	15,9	57,1	1,0	23,9	1,7	0,2
27. Polisiebeamptes sal nooit lede van die gemeenskap genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	8,1	36,5	1,4	47,1	6,5	0,1
28. Die meeste lede van die gemeenskap luister na die opinies en voorstelle van polisiebeamptes.	N	7,0	62,1	2,9	26,3	1,4	0,0
29. Lede van die gemeenskap sal polisiebeamptes nooit genoeg vertrou om effektief saam te werk nie.	P	4,8	42,0	2,1	44,0	6,2	0,4
30. Die gemeenskap ondersteun nie die polisie nie, en die polisie vertrou nie die publiek nie.	P	5,8	29,6	5,5	45,4	12,7	0,8

P/N = positief of negatief; BS = stem beslis saam; SS = stem saam; WN = ek weet nie;  
NS = stem nie saam nie; BN = stem beslis nie saam nie; NV = nie voltooï

Om 'n geldige argument vir die teenwoordigheid van die polisiekuultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme daar te stel, is 'n streng gemiddelde afsnypunt van 23,0 bepaal vir die tienitemskale wat die tematiese konstrunkte voorstel. Laer waardes was 'n aanduiding van die teenwoordigheid van die kultuurtemas, terwyl hoër waardes die afwesigheid van hierdie kultureienskappe onder nuweling aangedui het.

Tabel 8 verskaf inligting oor respondente (nuweling in die SAPD) se houdings ten opsigte van die tema solidariteit teen Tyd 1, 2 en 3, soos bepaal deur ANOVA LS- gemiddelde waardes (soos bepaal deur Wilks se lambda-toets).

**TABEL 8:** ANOVA LS- gemiddelde waardes teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike solidariteit

Wilks' Lambda = 0,99082; F (6, 6938) = 5,3418; p = 0,00002

Tipe II-dekomposisie

Tyd	Solidariteit Gemiddelde	Solidariteit Standaard- fout	Solidariteit -95,00%	Solidariteit +95,00%	N
Tyd 1: Januarie 2005	15,35411	0,083927	15,18956	15,51866	1 460
Tyd 2: Junie 2005	15,13310	0,094895	14,94704	15,31916	1 142
Tyd 3: Desember 2005	15,07110	0,108598	14,85818	15,28402	

Die data in tabel 8 toon dat nuweling wat by die opleidingsinstitute aangemeld het, reeds matig tot sterk ontwikkelde houdings ter ondersteuning van die kultuurtema solidariteit gehad het. Hierdie houdings is deur hulle kollege- en veldopleidingservarings bevestig en versterk.

Die post hoc- en Scheffé-toetsresultate in tabel 9 toon dat die houdings van respondente aangaande die kultuurtema solidariteit nie betekenisvol verander het van Tyd 1 tot 2, van Tyd 2 tot 3, en van Tyd 1 tot 3 nie.

**TABEL 9:** ANOVA: Post hoc- en scheffé-toetsresultate teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike solidariteit

Fout tussen MS = 10,284; df = 3471,0

Tyd	Gemiddelde telling	Vlak van betekenisvolheid		
		{1}	{2}	{3}
Tyd 1: Januarie 2005 {1}	15,354		0,218471	0,119474
Tyd 2: Junie 2005 {2}	15,133	0,218471		0,911736
Tyd 3: Desember 2005 {3}	15,071	0,119474	0,911736	
<b>* 0,05-betekenisvolheidsvlak</b>				

Tabel 10 verskaf data aangaande nuweling se houdings ten opsigte van die kultuurtema isolasie vanaf Tyd 1 tot 3, soos bepaal deur die ANOVA LS- gemiddelde waardes (soos bepaal deur die Wilks se lambda-toets).

**TABEL 10:** ANOVA LS- gemiddelde waardes teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike isolasie

Wilks' Lambda = 0,99082; F (6,6938) = 5,3418; p = 0,00002 Tipe II-dekomposisie

Tyd	Isolasie	Isolasie -95,00%	Isolasie Standaard- fout	Isolasie +95,00%	Isolasie N
Tyd 1: Januarie 2005	20,68014	0,118195	20,44840	20,91188	1 460
Tyd 2: Junie 2005	20,16462	0,133642	19,90260	20,42665	1 142
Tyd 3: Desember 2005	20,32454	0,152939	20,02468	20,62440	872

In die algemeen verskil die teenwoordigheid van die kultuurtema solidariteit van dié van die kultuurtema isolasie. Tabel 10 toon dat nuweling in die SAPD wat by die opleidingsinstitute aangemeld het vir hulle basiese opleiding, reeds gevestigde houdings ten opsigte van die kultuurtema isolasie gehad het. Hoewel respondente se houdings ten opsigte van hierdie tema in die opleidingskollege gehandhaaf en selfs versterk is, het die veldopleiding die positiewe gevolg gehad dat hulle houdings ten opsigte van isolasie ietwat verswak het.

Die post hoc- en Scheffé-toetsresultate (tabel 11) toon dat respondente se houdings aangaande die kultuurtema isolasie betekenisvol verander het vanaf Tyd 1 tot Tyd 2, maar dat daar nie enige betekenisvolle veranderings was tussen Tyd 2 en Tyd 3, en tussen Tyd 1 en Tyd 3 nie.

**TABEL 11:** ANOVA: Post hoc- en scheffé-toetsresultate teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike isolasie

Fout tussen MS = 20,396; df = 3471,0

Tyd	Gemiddelde telling	Vlak van betekenisvolheid		
		{1}	{2}	{3}
Tyd 1: Januarie 2005 {1}	20,680		<b>0,015460</b>	0,184252
Tyd 2: Junie 2005 {2}	20,165	0,015460		0,733482
Tyd 3: Desember 2005 {3}	20,325	0,184252	0,733482	
<b>* 0,05-betekenisvolheidsvlak</b>				

Tabel 12 verskaf data aangaande nuweling se houdings ten opsigte van die kultuurtema sinisme vanaf Tyd 1 tot 3, soos bepaal deur die ANOVA LS- gemiddelde waardes (soos bepaal deur die Wilks se lambda-toets).

**TABEL 12:** ANOVA LS- gemiddelde waardes teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike sinisme

Wilks' Lambda = 0,99082; F (6,6938) = 5,3418; p = 0,00002 Tipe II-dekomposisie

Tyd	Sinisme Gemiddelde	Sinisme Standaard- fout	Sinisme -95,00%	Sinisme +95,00%	N
Tyd 1: Januarie 2005	22,74247	0,101065	22,54431	22,94062	1 460
Tyd 2: Junie 2005	22,14623	0,114273	21,92218	22,37028	1 142
Tyd 3: Desember 2005	21,94381	0,130774	21,68741	22,20021	872

Tot dusver het die analise die aanwesigheid van die kultuurtemas solidariteit en isolasie teen Tyd 1, 2 en 3 aangetoon. Tabel 12 toon ook die aanwesigheid van die kultuurtema sinisme teen Tyd 1, 2 en 3, sowel as die verskynsel dat die kollege- en veldopleidingservarings van nuweling in die SAPD hulle houding ten opsigte van die tema sinisme gehandhaaf en selfs ietwat versterk het.

**TABEL 13:** ANOVA: Post hoc- en scheffé-toetsresultate teen tyd 1, 2 en 3 ten opsigte van die afhanklike veranderlike sinisme

Fout tussen MS = 14,913; df = 3471,0

Tyd	Gemiddelde telling	Vlak van betekenisvolheid		
		{1}	{2}	{3}
Tyd 1: Januarie 2005 {1}	22,742		<b>0,000490</b>	<b>0,000009</b>
Tyd 2: Junie 2005 {2}	22,146	<b>0,000490</b>		0,507028
Tyd 3: Desember 2005 {3}	21,944	<b>0,000009</b>	0,507028	
<b>* 0,01-betekenisvolheidsvlak</b>				

Die post hoc- en Scheffé-toetsresultate (tabel 13) toon verder dat respondente se houding ten opsigte van die tema sinisme betekenisvol verander het tussen Tyd 1 en 2, asook tussen Tyd 1 en 3, maar dat daar geen betekenisvolle verandering was tussen Tyd 2 en 3 nie.

Tabel 14 toon die algehele uitwerking wat keuring, kollegeopleiding en veldopleiding op nuweling in die SAPD gehad het ten opsigte van hulle houdings aangaande die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme.

**TABEL 14:** Die algehele uitwerking van keuring, kollegeopleiding en veldopleiding op nuweling in die SAPD ten opsigte van hulle houdings aangaande die polisie-kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme

POLISIE- KULTUR- TEMA	UITWERKING	SAPD-NUWELINGE		
		NA KEURING	NA KOLLEGE	NA VELD OPLEIDING
<b>Solidariteit</b>	VERSWAK			
	GEHANDHAAF OF			
	VERSTERK	*	*	*
<b>Isolasie</b>	VERSWAK			*
	GEHANDHAAF OF			
	VERSTERK	*	*	
<b>Sinisme</b>	VERSWAK			
	GEHANDHAAF OF			
	VERSTERK	*	*	*

In die geheel beskou, is die enigste positiewe verandering ten opsigte van nuweling se houdings teen Tyd 3 waarneembaar, wanneer 'n verswakking van hulle houding ten opsigte van die tema isolasie opgemerk word. Tabel 14 toon dat die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme nie net in nuweling se houdings teenwoordig was ten tyde van keuring, kollegeopleiding en veldopleiding nie, maar dat hierdie ervarings ook daartoe gelei het dat hulle houdings ten opsigte van hierdie temas gehandhaaf en versterk is.

## BEVINDINGE

Die meerderheid respondente wat by die kolleges aangemeld het vir opleiding, het reeds houdings ter ondersteuning van die polisie-kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme getoon. Hierdie bevinding ondersteun Crank en Caldero (1999) se argument dat rekrute se opinies en houdings in 'n groot mate reeds gevorm is wanneer hulle aanmeld vir indiensneming, en dit bevestig ook Roberg, Novak en Corder (2005) se bevinding dat 'n loopbaan in die polisie persone aantrek wat reeds waardes en houdings soortgelyk aan dié van polisiebeamptes ontwikkel het. Dit beteken dat SAPD-rekrute reeds die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme ondersteun wanneer hulle vir opleiding en diens aanmeld. Hierdie bevinding is ook van teoretiese belang, omdat dit empiriese getuieis verskaf aan die predisposisionistiese gedagteskool wat van die standpunt uitgaan dat polisiebeamptes se gedragspatrone primêr beskryf kan word as die persoonlikheidseienskappe, waardes en houdings wat deur die individu verwerf is voordat hy of sy deur die polisie in diens geneem is.

Respondente het oor die algemeen 'n sterker teenwoordigheid van die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme getoon nadat hulle die basiese opleiding van ses maande aan die SAPD-



opleidingsinstitute voltooi het, in vergelyking met hulle houdings toe hulle aangemeld het vir opleiding. Hierdie bevindinge is in teenstelling met dié van Worden (1995), wat bevind het dat kollegeopleiding oor die algemeen 'n positiewe uitwerking op rekrute gehad het, omdat dit hulle negatiewe houding ten opsigte van polisiekuultuur verminder het. Die bevinding van die huidige studie bevestig egter dat die ervarings van die meerderheid nuwelinge by SAPD-opleidingsinstitute (uitgesonder die basieseopleidingsinstituut op Bisho) hulle houdings aangaande die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme versterk. Dit beteken dat hulle houdings meer negatief raak.

Hierteenoor is bevind dat nuwelinge se SAPD-veldopleidingservarings 'n meer positiewe uitwerking op hulle houding ten opsigte van die tema isolasie gehad het (dit het dus hierdie houding verswak), terwyl dit hulle houding ten opsigte van die temas solidariteit en sinisme bevestig en versterk het.

Sterk vennootskappe wat op wedersydse vertroue tussen die polisie en die gemeenskap gebaseer is, is noodsaaklik vir die suksesvolle bedryf van gemeenskapspolisiëring in Suid-Afrika. Dit is egter duidelik dat die teenwoordigheid van die kultuurtemas solidariteit, isolasie en sinisme onder nuwelinge in die SAPD die vestiging van sulke vennootskappe met die algemene publiek sal kortwiek. In der waarheid hou hierdie temas dit aan nuwelinge voor dat die enigste persone wat hulle kan vertrou, hulle portuurgroep in die diens is. Dit impliseer dat hulle geen vertroue in die gemeenskap, die bestuurders in die SAPD, die krimineleregstelsel, die media of selfs hulle naaste ondersteuningstrukture plaas nie. Wantroue word aangeleer en vind gestalte in die suspisie waarmee polisiebeamptes die gemeenskap bejeën.

'n Interpretasie van die data wat in hierdie studie bekom is, suggereer dat polisiebeamptes wantrouig is teenoor die idee van polisie-gemeenskap-verhoudings, omdat hulle voel dat sulke verhoudings hulle skade sal berokken deur onnodige aandag en kritiek op hulle te vestig. Hulle aanvaar niks as vanselfsprekend nie en glo dat die meeste mense onbetroubaar en oneerlik is. Die gevolg hiervan is dat enige informasie wat met hulle eie menings ooreenstem, die meeste aandag geniet, terwyl informasie wat teen hulle menings indruis, dikwels verwerp of subtiel verander word om konsekwentheid na te streef (Baron & Byrne, 2000). Sodoende word hulle polisie-identiteit beskerm en versterk. Wantroue, wat as 'n hanteringsmeganisme gebruik word, beskerm polisiebeamptes teen die werklike en potensiele gevare van polisiewerk, asook die voortdurende onsekerheid en kritiek vanuit die werks- en organisatoriese omgewings. Deur ander te wantrou, word spanning en angs wat deur die omgewing teweeggebring word, verminder, en dít dien weer as rigtingwyser vir polisiebeamptes se houdings en gedragpatrone.

## BRONNELYS

- Adkins, C. 1995. Previous work experience and organizational socialization: a longitudinal examination. *Academy of Management Journal*, 38(3):839-862.
- Alderson, J. 1983. *Community Policing*. New York: McGraw-Hill.
- Ashforth, B. & Saks, A. 1996. Socialization tactics: longitudinal effects on newcomer adjustment. *Academy of Management Journal*, 39(1):149-178.
- Ashforth, B., Saks, A. & Lee, R. 1998. Socialization and newcomer adjustment: the role of organizational context. *Human Relations*, 51(7):897-926.
- Baron, R.A. & Byrne, D. 2000. *Social psychology*. 9de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.
- Bayley, D.H. & Bittner, E. 1984. Learning the skills of policing. *Law and Contemporary Problems*, 47: 35-59.
- Bayley, D. & Bittner, E. 1989. Learning the skills of policing. *Law and Contemporary Problems*, 47:35-59.
- Burger, J. 2005. A strategic perspective on the role of the police in combating crime. DTech-tesis. Pretoria: Tshwane Universiteit vir Tegnologie.

- Caldero, M. 1997. Value consistency within the police: the lack of a gap. *Voordrag gelewer by die jaarvergadering van die Akademie vir Regswetenskappe*. Louisville, Kentucky.
- Caldero, M.A. & Crank, J.P. 2000. *Police ethics: the corruption of noble cause*. 2de uitgawe. New York: Anderson Publishers.
- Cox, S. & Wade, J. 1998. *The criminal justice network: an introduction*. New York: McGraw-Hill.
- Chan, B. 2003. *Fair cop: learning the art of policing*. Toronto: University of Toronto.
- Chan, J. 1997. *Changing police culture*. Cambridge: Cambridge University.
- Chan, J. 2001. Negotiating the field: new observations on the making of police officers. *The Australian and New Zealand Journal of Criminology*, 34(2):114-133.
- Christensen, W. & Crank, J. 2001. Police work and culture in a non-urban setting: an ethnographic analysis. *Police Quarterly*, 4(1):69-98.
- Coser, L. 1956. *The functions of social conflict*. New York: Free Press.
- Crank, J.P. 1998. *Understanding police culture*. Cincinnati: Anderson Publishing.
- Crank, J.P. 2004. *Understanding police culture*. 2de uitgawe. Florida: Anderson Publishing.
- Crank, J.P. & Caldero, M. 1991. The production of occupational stress among police officers: a survey of eight municipal police organisations in Illinois. *Journal of Criminal Justice*, 19(4):339-350.
- Crank, J.P. & Caldero, M.A. 1999. *Police ethics: the corruption of noble cause*. Cincinnati, OH: Anderson Uitgewers.
- Fielding, N. 1988. *Joining forces*. Londen: Routledge.
- Hale, C. 1994. *Police patrol: operations and management*. 2de uitgawe. New Jersey: Prentice Hall.
- Hall, J. & Neitz, M.J. 1993. *Culture: sociological perspectives*. New York: Prentice-Hall.
- Hough, M. & Du Plessis, A. 1994. *Combating crime in South Africa: contemporary perspectives*. ISSUP Ad hoc-publikasie No. 40. November. Universiteit van Pretoria: Instituut vir Strategiese Studies.
- Jones, G. 1986. Socialization tactics, self-efficacy, and newcomers' adjustments to organizations. *Academy of Management Journal*, 29:262-279.
- Kappeler, V., Sluder, R. & Alpert, G. 1994. *Forces of deviance: the dark side of policing*. Prospect Heights: Waveland Press.
- Kelling, G.L. & Moore, M.H. 1988. From political to reform to community: the evolving strategy of police. In *Community policing: rhetoric or reality*. New York: Praeger.
- Manning, P. 1977. *Police work*. Cambridge: MIT Press.
- Manning, P. 1989. *The police occupational culture in Anglo-American societies*. New York: Garland.
- Manning, P.K. 1997. *Police work: the social organisation of policing*. 2de uitgawe. Prospect Heights: Waveland.
- McNulty, E. 1994. Generating common-sense knowledge among police officers. *Symbolic Interaction*, 17:281-294.
- Morgan, R. & Newburn, T. 1997. *The future of policing*. Oxford: Clarendon.
- Morrison, E. 1993. Newcomer information seeking: exploring types, modes, sources, and outcomes. *Academy of Management Journal*, 36(3):557-589.
- National Peace Accord. 1991. Memorandum of agreement for reconciliation and peace between the Inkatha Freedom Party/KwaZulu-Natal government and the African National Congress and the South African government/National Party, and twenty-three other political parties, 14 September 1991.
- Niederhoffer, A. 1967. *Behind the shield*. New York: Doubleday.
- Pelser, E. 1999. *The challenges of community policing in South Africa*. Ad hoc-publikasie No. 40. Pretoria: Instituut vir Sekuriteit Studies.
- Peters, T. & Austin, N. 1989. *Eigen and Siegel*. New York: Prentice-Hall.
- Redfield, R. 1939. The folk society and culture. *The American Journal of Sociology*, 45:731-742.
- Reuss-Ianni, E. 1983. *Two cultures of policing: street cops and management cops*. New York: Transaction Books.
- Roberg, R., Crank, J. & Kuykendall, J. 2000. *Police and society*. 2de uitgawe. Los Angeles: Roxbury Publishing.
- Roberg, R., Novak, K. & Cordner, G. 2005. *Police and society*. 3de uitgawe. Los Angeles: Roxbury Publishing.
- SA *kyk* Suid-Afrika
- Sackmann, S. 1991. *Cultural knowledge in organizations*. Newbury Park: Sage.

- Saks, A. & Ashforth, B. 1997. Organizational socialization: making sense of the past and present as a prologue for the future. *Journal of Vocational Behavior*, 51:234-279.
- Schein, E. 1985. *Organizational culture and leadership*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Shearing, C. & Ericson, R. 1991. Culture as figurative action. *British Journal of Sociology*, 42:481-506.
- Sherman, L.W., Milton, C.H. & Kelley, T.V. 1973. *Team policing: seven case studies*. Washington, DC: Police Foundation.
- Skolnick, J. 1966. *Justice without trial*. New York: John Wiley & Sons.
- Skolnick, J. 1994. *A sketch of the policeman's working personality*. 3de uitgawe. New York: John Wiley & Sons.
- Smit, B. 1979. The socialisation of new recruits to the South African police subculture. DPhil-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Suid-Afrika. 1993. The Interim Constitution of the Republic of South Africa. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. 1995. South African Police Service Act, No. 68 van 1995. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. 1996. The Constitution of the Republic of South Africa, No. 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1994. *Draft policy document on change*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1995. *Community safety plan*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1996a. *Annual plan of the South African Police Service 1996/1997*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1996b. *The national crime prevention strategy*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1997a. *Policing priorities and objectives of the South African Police Service 1997/1998*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1997b. *Policy framework on community policing*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1998a. *Policing priorities and objectives of the South African Police Service 1998/1999*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1998b. *The White Paper on safety and security*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 1999. *Policing priorities and objectives of the South African Police Service 1999/2000*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 2000. *The national crime combating strategy*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 2002. *Strategic plan for the South African Police Service 2002/2005*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Suid-Afrika. Departement van Veiligheid en Sekuriteit. 2004. *Strategic plan for the South African Police Service 2004/2007*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Trojanowich, R.C. 1982. *An evaluation of the neighborhood foot patrol program in Flint, Michigan*. East Lansing: Michigan State University.
- Van Maanen, J. 1973. Observations on the making of policemen. *Human Organization*, 32:407-418.
- Van Maanen, J. 1974. *Working the street: a developmental view of police behavior*. Beverly Hills: Sage.
- Van Maanen, J. 1976. *Breaking in: socialization to work*. Chicago: Rand McNally.
- Van Maanen, J. 1978. *Policing: a view from the street*. Santa Monica: Goodyear Publishing.
- Van Maanen, J. & Schein, E. 1979. Toward a theory of organizational socialization. *Research in Organizational Behavior*, 1:209-264.
- Weatheritt, M. 1983. Community policing: does it work and how do we know? A review of research. In T. Bennett (ed.), *The Future of Policing*, (Cropwood Conference Series No. 15), Cambridge: University of Cambridge, Institute of Criminology.
- Zhao, J., He, N. & Lovrich, N. 1998. Individual value preferences among American police officers: the Rokeach theory of human values revisited. *An International Journal of Police Strategies and Management*, 21:22-36.